### *Genésaret. Oor die volg van JaHshua*

**164** **Ek** sê: "Wat My betref is jy sonder skuld; let egter steeds daarop by jou bestuurshandelinge wat op mense betrekking het, dat jy daarby nooit vergeet dat ook die sondaar jou broer is nie!

[2] As jy in jou hart toorn voel oor die sondaar wat die geregtelike straf verdien het, neem die tugroede dan uit jou hand. In toorn is sy nooit `n heilsame wegwyser nie, maar `n slang, wat in die wond wat sy die wandelaar deur haar byt toebring, geen heilsame balsem nie, maar `n dodelik gif inspuit, wat die gewonde die dood bring.

[3] Glo ook nie dat jy `n vyand kwytraak deur hom die doodstraf te gee nie! Want as hy in die aardse lewe slegs `n enkele vyand van jou was, dan sal hy na sy liggaamlike dood as vrye gees `n honderdvoudige vyand van jou word, en jou jou lewe lank met honderde kwade sake kwel, en jy sal geen middel kan vind om jou te bevry van jou onsigbare vyand nie.

[4] Dus, as jy iemand straf, straf hom dan in liefde en nie in toorn nie! Maak dit daarom in die vervolg met die fariseërs nie te bont nie! Bedink dat hulle blinde leiers van blindes is!' Maar dit is die wêreld wat hulle blind gemaak het, en dié is van die satan, wat jy leer ken het.

[5] **Kyk, in My is alle mag en gesag oor hemel en aarde.** Ek sou hulle almal met één gedagte kon vernietig, en tog verdra ek hulle met groot geduld tot op die regte oomblik, wanneer hul maat vol is.

[6] Ook vir My maak die mense toornig en My hart maak hulle deur hul onverbeterlikheid treurig; maar tog verdra Ek hulle en kasty hulle steeds in liefde, sodat hulle hul sal verbeter, en kan ingaan in die ryk van die ewige lewe, waarvoor hulle geskape is. As jy dus `n goeie regter wil wees, dan moet jy My in alles navolg!

[7] Dit is natuurlik makliker om `n oordeel oor iemand uit te spreek as om `n oordeel te verdra. Maar wie die oordeel van `n veroordeelde mens op hom neem, en dan sorg dat die veroordeelde weer op die goeie pad kom, hy sal eendag in Elohim se Ryk `n groot naam hê. - Dink almal goed aan wat Ek nou gesê het! Want as Ek dit só bepaal en wil hê, dan kan julle dit tog nie anders wil hê en doen nie!? **Ek is die Meester oor lewe en dood!** Slegs Ek weet wat die lewe is, en wat daarvoor nodig is om dit vir ewig te behou, en dit in alle geluksaligheid te geniet!

[8] **As julle My leer sal navolg, dan sal julle die lewe in alle geluksaligheid behou.** Maar as julle teen My leer in handel, dan sal julle die lewe verloor en die dood ingaan, wat die ongelukkigste toestand van alle lewe is, `n vuur wat nooit uitdoof nie, en `n wurm wat nooit sterf nie!"

[9] **Die hoofman** sê: "Meester, ek sien die noodsaak van dit alles maar al te goed in, maar ook die verskriklike moeilikheid om streng daarvolgens te lewe. Om klein heuweltjies gelyk te maak is nie so `n groot kuns nie, maar as ons teenoor hele berge moeilikhede en hindernisse te staan kom, dan is dit ook al heeltemal onmoontlik om `n regte weg verder deur te trek. Dan, Meester, moet U ons help!"

[10] **Ek** sê: "Juis daarom het Ek dan ook na hierdie wêreld toe gekom om julle almal hulp aan te bied waar julle uit julleself geen uitweg meer sou gevind het nie! **Vertrou en bou daarom altyd op My Naam** en daardeur sal vir julle dit wat onmoontlik lyk, moontlik word! - Maar nou gaan ons weer huistoe, want die son gaan al byna onder."

[11] Die leier van die skeepsknegte vra toe tot wanneer hy die skip vir `n moontlike afvaart gereed moet maak.

[12] **Ek** sê: "Julle moet elke uur gereedstaan om te kan wegvaar, sodat die meester van die skip, as hy voortydig sou kom, julle nie lui en werkloos sal vind en julle dan julle loon ontneem en ontslaan nie! Ja – om Elohim te dien is lig, maar om die mense te dien is swaar!"

[13] **Die leier van die skeepsknegte** vra verder: "Meester, gestel dat die fariseërs, wat gister vermoedelik as sendelinge en bekeerders na Jesaira getrek het, om die Judeërs wat merendeels na die Hellenisme oorgegaan het, weer vir die tempel te wen, môre weer hiernatoe sou terugkom. En gestel dat hulle met ons `n twisgesprek wil begin oor die 47ste Psalm, soos wat hulle ons beloof het, wat moet ons dan aan hulle sê?"

[14] **Ek** sê: "Beloof hulle dan sewe geldstukke as hulle die Psalm goed kan uitlê; lê hulle hom sleg uit, dan kry hulle niks. Kan hulle hom egter glad nie aan julle uitlê nie, dan moet julle die reg hê om van hulle sewe goeie geldstukke te eis, en hulle, as hulle die betaling sou weier, onder bedreiging van militêre hulp, van hulle af te neem!"

[15] **Die hoofman** sê: "Kom dan maar na my toe, dan moet hulle sonder verskoning sewe maal sewe geldstukke betaal!"

[16] Die skeepsknegte is dit hiermee heeltemal eens en ons gaan na die stad en daar na die huis van Ebahl waar die bediendes druk besig is om `n goeie aandete vir ons klaar te maak, want die son het al ondergegaan. **Die hoofman** neem die tweehonderd pond silwer in ontvangs en gee dit aan Ebahl met die woorde: "Neem dit aan as `n klein skadeloosstelling vir die talle honderde en nogmaals honderde armes en siekes wat jy verpleeg het, en van wie jy nooit ook maar `n oortjie verlang het nie! Jy is egter die enigste mens in die stad wat die naam van mens verdien! Al die ander volke van hierdie stad verdien dié erenaam nie; want hulle is morsdood, hulle bekommer hulle niks nie en voer ook niks uit nie! Dink julle dat al die wonders wat hier in hierdie paar dae gebeur het, ook maar enige indruk op die volk gemaak het? Sekerlik nie! Hierdie bangjanne loop rond asof daar niks aan die gebeur is nie! Ja, die siekes het hulle wel laat genees, maar het nouliks daarvoor dankie gesê, en dink daar nou ook nouliks meer aan nie dat hulle siek was en dat hulle van hul

siekte besonder wonderbaarlik genees is! Daarom is Ebahl ook die enigste mens in hierdie stad; al die ander is egter meer dier as mens!"

[17] Ebahl neem die geld aan met die opmerking dat hy dit slegs vir die beste en vir die mees dienende doeleindes vir die mense sal gebruik.

### *Hemelse kwade ingrype*

**165** Na hierdie gesprek kom die dienaars al met wyn en brood en `n hoeveelheid goed toebereide visse aan, en elkeen gaan sit aan die ryk voorsiende tafel. Jarah plaas vir Rafael by haar aan tafel en sit hom `n groot vis voor om op te eet. Maar **Rafael** sê: "Liewe sussie, dit is beslis te veel vir `n aandete, gee my liewer `n kleiner vis!"

[2] **Jarah** sê: "O, ek het jou tog vanmiddag `n aantal sulke visse sien opeet, dus sal jy vanaand ook met hierdie goed kan klaarspeel! Eet maar! Kyk, my Meester JaHshua is wel `n eindelose groter en meer verhewe Gees as jy, en tog eet Hy nou al met sigbare genoeë sy tweede vis, en daarby drink Hy ook nog wyn en eet Hy altyd `n stuk brood, so moet jy dit ook doen! Wees nou net eers `n mens soos ons, en wees, omdat jy andersins `n hoofengel van Elohim is, nie so geringskattend oor ons menslike dinge nie!"

[3] **Rafael** sê: "Nou, as jy dit beslis so wil, dan moet ek my na jou wil rig, want jy is nou eenmaal `n baie aardige kind, en uit liefde vir jou kan `n mens jou niks weier nie." - Toe neem Rafael ’n vis wat ten minste vyf pond geweeg het in sy hand, bring hom na sy mond toe en eet hom in `n ongelooflik vinnige oomblik op.

[4] Toe **Jarah** dit sien, sê sy heeltemal oorbluf: "Maar om JaHWeH se wil! Waar het jy die groot vis nou so gou gebêre? Vriend, met so `n eetvermoë sou jy met groot gemak `n gebraaide seemonster kon opeet! Om met één hap die groot vis, in wie se maag Jona drie dae opgesluit was, te laat verdwyn, sou vir jou waarskynlik net `n grappie wees!?"

[5] **Rafael** sê: "Ook duisende van die visse sou ek so te sê met gemak kon eet. Maar nou is dit voldoende. Die vis het vir my egter goed gesmaak. Ek sou hom ook langsaam, soos jy, kon opeet, maar dan sou jy op die gedagte gekom het dat ek heeltemal `n aardse mens is - en dit sou nie goed vir jou wees nie, omdat jy dan op my persoon, respektiewelik my gestalte, verlief sou kon word! Maar nou dat ek jou `n keer laat sien het dat ek nog geen volkome aardmens is nie, skrik dit jou heeltemal af, en bly jy sonder moeite in jou, en ek in my gewone doen en late. Jy sal nog wel meer sulke opsetlike dinge van my beleef! As ek wil, kan ek egter ook onaangenaam word, maar die onaangenaam wees het steeds `n wyse oorsaak."

[6] **Jarah** sê: "Ek vind dit egter nie snaaks van jou as jy byvoorbeeld slegs deur `n onaangename handelswyse die een of ander goeie doel wil bereik nie! Kyk na die Meester aan Wie al my liefde toebehoort, Hy bring ook sonder `n onaangename daad maar net goeie dinge tot stand! Waarom nie jy nie? Ek vind - en daarby bly ek - dat iets onaangenaams altyd weer iets onaangenaams sal oproep, en slegs die goeie weer die goeie. Wie by my iets goed deur iets onaangenaams wil bereik, die vergis hom geweldig - ook al was hy `n duisendvoudige engel! Ek waarsku jou, dat jy nie met iets onaangenaams by my moet aankom nie, anders kan jy eerder wegbly! Ek is maar `n swak meisie, ja selfs vir jou maar `n wurmpie, maar tog woon Elohim se Liefde in my hart, en Sy verdra niks wat ook maar skynbaar onaangenaam is nie. - Verstaan jy dit, liewe Rafael?"

[7] **Rafael** sê: "O ja, dit is goed te verstane en daarom verstaan ek dit ook goed, maar dit is egter duidelik dat jy my misplaas het omdat jy my tydelik oor wat onaangenaam is, nie verstaan het nie. As jy my eenmaal sal verstaan, dan sal jy nie so ergerlik teenoor my wees nie! Maar sodat jy kan sien dat die hemelse onaangenaam ook `n skitterende deug is, sal ek dit vir jou met `n klein voorbeeld goed duidelik maak.

[8] Kyk, ons hemelgeeste sien baie ver. Wat ons met één blik duidelik sien kan jou gedagte nie bevat nie! Dit gebeur baie dikwels dat êrens, veral op hierdie aarde, die mense egter met opset sleg word. Ons trek hulle honderd kere van `n groot gevaar weg, maar hulle kan dit nie nalaat om hulle opnuut in dieselfde gevaar te begeef nie. As alles dan nie help nie, laat ons uiteindelik toe dat die mens homself weer moedswillig in gevaar begeef, en dan laat ons hom daarom so behoorlik op sy eentjie, dat hy daardeur dikwels vir lang tye alle begeertes los. As hy dan verstandig word, het hy deur die ervaring geleer, hy laat sy moedswilligheid en dikwels kwade onsin vaar en dit is dan asof die mens homself verbeter het.

[9] So kan sekere ouers hul kinders nie dikwels genoeg, en met voldoende resultaat waarsku oor bepaalde speletjies wat dikwels baie gevaarlik kan word nie. Dan kom ons met ons hemelse onaangenaamheid en maak dat sulke kinders hulle met hulle verbode speletjies baie gevoelig verwond, dikwels laat ons dit selfs toe dat `n kind die ongehoorsaamheid met die dood bekoop, as afskrikwekkende voorbeeld vir die ander. Die kinders word daardeur afgeskrik, kry eindelik groot angs vir die gevaarlike verbode speletjies en doen dit nie meer nie. Dan is die spreuk op hulle van toepassing: '`n gebrande kind vrees die vuur!'

[10] Ook by jou het ek `n aantal aardjare gelede al `n paar maal `n soortgelyke hemelse onaangenaamheid uitgevoer, en dit het jou baie goed gehelp, en dit is die rede waarom jy daarna baie gou `n egte gelowige kind geword het. - Wel, wat sê jy nou van my onaangenaam wees?"